NG KERK Waterkloof
GELOOF • HOOP • LIEFDE
H/v Dey- en Giovanettistrate
Nieuw Muckleneuk, 0181
Posbus 2492, Brooklyn Square, 0075
Tel. 012 460 3913 Faksimilee 012 460 1460
E-pos adres: ngkwater@yebo.co.za
www.waterkloofkerk.co.za

Reëlings vir begrafnisse

As geloofsgemeenskap wil ons graag hulp verleen wanneer mense se geliefdes te sterwe kom. Deur die dankdiens of roudiens wil ons uitdrukking gee dat ons treur wanneer ons geliefdes te sterwe kom, maar nie treur soos diegene sonder hoop nie (1 Tess 4:12 – 13). U is welkom om by die gemeente-leraar 'n afspraak hieroor te maak. Ons wil u graag help om berusting by die Here te vind.

1. Keuse van 'n begrafnisondernemer
Die bekende ondernemers is volgens ons ervaring almal betroubaar. Hulle help die naasbestaandes met die meeste reëlings, waaronder die wegneem van die afgestorwene se liggaam, die doodsertifikaat, die keuse van 'n tipe begrafnis, bekisting en die uitvoer van die begrafnis/verassing.

Doen navraag by die ondernemer wat u kies oor al die verskillende moontlikhede en pryse voordat u besluit. Indien u navrae het, kan u gerus met die kerkkantoor of die leraar skakel. Bekende ondernemers in ons omgewing is:

AVBOB Pretoria-Oos :012 460 3745 / www.avbob.co.za
Doves Pretoria-Wes : 012 327 4714 / www.doves.co.za
Grobbelaar en Kerkstraat Begrafnisdienste: 012 348 5556 / www.grobbelaarschurchstreet.co.za
Sonja Smith Begrafnisgroep : 012 654 9902 / www.sonjasmith-funerals.co.za

1. Begrafnis of verassing?
Daar is geen geloofsbesware teen 'n verassing nie. Indien u hieroor worstel, praat gerus met die leraar.

2. Begrafnisdiens voor of na die teraardebestelling?
Die begrafnisdiens kan voor of na die teraardebestelling plaasvind. Laat net genoegsame tyd vir die begrafnisgangers om by die begraafplaas/kerkgebou uit te kom. Gedurende skoolkwartale is die strate baie besig wanneer die skole uitkom. Probeer dié tyd vermy.

3. Leraar
Die keuse van 'n leraar berus by die familie. Dit hoef nie die leraar van die gemeente te wees nie. Indien die leraar of persoon wat u kies nie van 'n tradisioneel- Christelike kerkgenootskap is nie, moet u vooraf met die gemeente-leraar oorleg pleeg. Indien u 'n leraar van 'n ander gemeente of 'n afgetrede leraar kies, moet u asseblief self reëlings vir vergoeding en/of reisgeld tref.

Geen gelde is vir die gemeente-leraar vir 'n begrafnisdiens binne Pretoria vir 'n afgestorwe lidmaat betaalbaar nie. Vir begrafnisse buite Pretoria is reisgeld teen die heersende AA-tarief betaalbaar.

4. Kerkgebou en saal
U moet die kerkgebou, saal en kombuis (as u dit wil gebruik) vroegtydig by die kerkkantoor bespreek. Indien u voor die begrafnisdiens toegang tot die kerkgebou of saal wil hê, moet u dit vooraf met die kerkkantoor reël. Geen koste word gehef vir gebruik van die kerkgebou en saal nie, en ook nie vir die opruim en skoonmaak daarvan na die tyd nie.

5. Inrigting van die begrafnisdiens
U moet die inrigting van die begrafnisdiens so spoedig moontlik met die leraar wat die diens gaan waarneem, bespreek. U kan voorstelle maak. Indien daar gesing gaan word, moet blaadjies met die liedere afgedruk word. Die begrafnisondernemer kan gevra word om dit te verskaf. Maak asseblief seker dat die begrafnisondernemer die orrelis reël. Indien daar nie 'n begrafnisondernemer by die reël van die begrafnis betrokke is nie, moet u self die orrelis reël of die kerkkantoor of gemeentebestuurder vra om dit te doen. U kan, as u so sou verkies, met toestemming van die leraar of gemeentebestuurder van 'n buite-orrelis gebruik maak.

7. Tee, koffie en verversings na die tyd in die saal
Hierdie liefdesdiens word tans deur Noeleen Badenhorst namens die kerkraad en vrouebelange-diensgroep georganiseer. Hulle verskaf gratis tee en koffie vir begrafnisse van lidmate wat vanuit die Waterkloofkerk begrawe word. Laat asseblief vroegtydig weet hoeveel begrafnisgangers u verwag, sodat hulle daarvoor kan beplan.

U kan, in oorleg met Noeleen Badenhorst, die vrouebelangegroep vra om addisionele verversings te bestel en voor te sit. Die koste daarvan sal vir u rekening wees. U kan ook self addisionele verversings voorsien.

8. Begrafnisdienste vir nie-lidmate
Nie-lidmate kan met toestemming vanuit die Waterkloofkerk begrawe word. Aansoek vir toestemming moet aan die gemeente-leraar of aan die gemeentebestuurder gerig word. Indien die gemeente-leraar 'n begrafnisdiens vir 'n afgestorwe nie-gemeentelid hou, is 'n bedrag van R 350 aan hom betaalbaar.

9. Gelde betaalbaar

Item	Bedrag	Opmerkings
Leraar	R 350	Slegs waar die oorledene nie 'n gemeentelid was nie
Koster	R 350	Plus addisionele gelde vir buitengewone dienste (indien enige)
Orrelis	R 350	Slegs indien die gemeente se orrelis optree
Motorwagte	R 250	Indien benodig (drie ure aan diens)
Verversings	Teen koste	Soos gereël met die vrouebelange-diensgroep (Noeleen Badenhorst)

Stel asseblief vas watter van bostaande items die begrafnisondernemer sal betaal. Die balans moet u asseblief voor die begrafnis by die kerkkantoor of direk in die gemeente se bankrekening inbetaal. Die bankbesonderhede is soos volg:

Rekeninghouer: NG Gemeente Waterkloof
Bank: ABSA — Tak: Brooklyn
Takkode: 335-345 — Rekeningnommer: 1500 5800 77
Verwysing: "begrafnis (oorledene se van)"

TELEFOONNOMMERS:

Gemeente-leraar (dr André van Niekerk):	072 317 0408
Gemeentebestuurder (dr Willie Botha):	082 573 2690
Kerkkantoor (me Renata Rossouw):	012 460 3913
Orrelis (mnr. Hentus van Rooyen):	076 903 8053

Hierdie reëlings is goedgekeur op 25 Mei 2011 deur die kerkraad.

Willie Botha: Gemeentebestuurder